Need an amazing tutor?

www.teachme2.com/matric

Collected and collated by

teachme2

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V2

2021

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 46 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

RIGLYNE VIR NASIENERS

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie, omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduideliking gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **<u>nie</u>.**

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

" 'n brief van hulle vakansie" – Breyten Breytenbach

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie, maar dis essensieel dat die kandidaat minstens een metafoor, een vergelyking en een personifikasie aandui.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**
- Die kode "P" (personifikasie), "M" (metafoor) of "V" (vergelyking) word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: P M V

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Vergelyking:		
In versreël 15 dui die verge-lyking op die dood.	Die vergelyking van die naderende reën dui op iro-niese wyse op die naderende dood.	Versreël 15: *En as die reën soos 'n gesluierde bruid oor die see kom*
	Dis opvallend dat die naderende reën die hond se dood, en nie nuwe lewe nie, bring.	Versreël 16: *word die liefling-hond (Trixie) lam*;
In versreël 25 dui die vergelyking op die dood.	Die spreker stel dit duidelik dat sy ooms "sterf" – en vergelyk dit met "kapok" wat vinnig in direkte son smelt, wat daarop dui dat die dood vinnig kom.	Versreël 25: *My ooms sterf soos kapok in die son*
Metafoor:		
In versreël 2 word 'n metafoor gebruik om die ma se oë te verbeeld.	Die ma se oë lyk dof/leeg soos die lug vanweë haar ouder-dom.	*Versreël 2: ... die lugoë van my ma*
'n Metafoor in versreël 17 dui aan dat die veearts die stryd teen die dood verloor.	Hy "buig die knie" wat suggereer dat hy die hond nie teen die dood kan red nie.	Versreël 17: *drie dae veg die veearts en buig dan die knie*
In versreël 19 word die hond se "lyk" metafories gebruik.	Die "lyk" word as "saad" in die grond geplant; die begrafnis-aksie suggereer iets wat dood is./Die metafoor suggereer die sirkel van lewe en dood.	Versreëls 19 tot 20: *... en plant die saad 'n soenoffer in die diep grond se skoot*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

In versreël 20 sluit die strofe met 'n metafoor af wat dui op die dood.	Die hond se begrafnis/die "saad" word " 'n soenoffer in die diep grond ... " wat sinspeel op begrafnisse./dood./ Die ouers maak op simboliese wyse vrede met die naderende dood./siklus van die lewe.	Versreëls 19 tot 20: *... en plant die saad 'n soenoffer in die diep grond se skoot*
Versreël 22 maak gebruik van 'n metafoor om die toenemende ouderdom/ aftakeling aan te dui.	Die ouers word metafories "stil bome in die najaar ... " wat dui op die herfstyd/najaar van hulle lewe; hulle word dus ouer./die dood kom nader.	Versreëls 21 en 22: *want nou is hulle minnaars* *stil bome in die najaar ...*
Die metafoor in versreël 24 versterk die beeld van nietigheid./sterflikheid.	Die groot skepping staan teenoor die nietigheid van die mens./tydloosheid./die tydelikheid van die mens.	Versreël 24: *…onder komete leeftye lang wêrelde*
Versreël 28 maak van 'n metafoor gebruik wat op die sterflikheid dui.	"van dop tot dop" sinspeel op die uiterlike wat oorbly nadat alles wat ter sake is, deur die ouderdom vernietig is./suggereer (aanloop tot) sterflikheid.	Versreëls *27 en 28: word stiller en meer verskriklik van dop tot dop*
	"van dop tot dop" sluit aan by die vrugtebeeld wat reeds in versreël 1 ingelei word en in versreëls 29 en 30 uitgebrei word.	Versreël *1 Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur*
Die metafoor in versreëls 29 en 30 bevestig dat die spreker ook ouer word.	Die seisoene/winters en somers eis hul tol, want "my lyf ongenaakbaar skil" dui op die onafwendbare ouderdom en agteruitgang van die liggaam.	Versreëls *29 en 30: Hier waar die harde winters en nat somers my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor …*
Personifikasie:		
Die personifikasie in versreël 18 dui op die dood.	Die spreker praat van die "lyk" van die hond (wat eintlik 'n karkas moet wees) wat duidelik op die dood dui.	Versreël 18: *en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilsrivier*
Die personifikasie in versreël 20 verwys na die dood.	Die "diep grond se skoot" dui op die sterflikheid van die mens.	Versreël 20: *'n soenoffer in die diep grond se skoot.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[10]**

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

"Reaksie" – Vernon February

2.1.1	Die spreker reageer op sy vriend/Ghwarrie se bekering./die feit dat Ghwarrie nou met hart/siel glo./wat moontlik die spreker probeer oortuig om tot bekering te kom. ✓	1
2.1.2	Alliterasie/d-alliterasie ✓	1
2.1.3	Die plasing dra daartoe by dat "ding" met "kring" in versreël 3 rym./ Die plasing bewerkstellig dat die alliterasie in "daai ding" aansluit by die allitererende d- van "dat"./ Die uitsteltegniek skep afwagting/spanning by die leser wat wil weet wát "daai ding" is./ Wat met "daai ding" bedoel word, word eers later aangekondig wat bydra tot afwagting./spanning. ✓	1
2.2	Tussenwerpsels/uitroepe/Die woorde "oe" en "aai"/informele taal ✓ *Die kandidaat bied die ooreenkoms vir EEN punt aan.*	1
2.3	Dit wil die leser betrek by die problematiek van die skielike bekering./die bekeerde se veranderde optrede./ Dit wil die leser laat nadink oor die skynheiligheid van sogenaamde bekeerdes./ou Ghwarrie./ Die bekeerde/ou Ghwarrie moet nadink oor sy veranderde optrede./skynheiligheid./ Dit dra die spreker se skeptiese houding oor./ Die spreker bevraagteken Ghwarrie se houding./vroomheid./sedigheid./bekering. ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
2.4	'n Vroom/valse/skynheilige/sedige/ernstige gesig ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
2.5	Ja In versreël 14 beklemtoon die spreker juis die afwesigheid van liefde en naastediens/ barmhartigheidswerk by die bekeerde. ✓ In versreël 20 hef die spreker die bekeerde se vroomheid/sedigheid/skynheiligheid/ andersheid uit. ✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	2
2.6	Mense wat bekeer is, se lewe openbaar dikwels geen liefde en omgee nie./ Baie sogenaamde Christene se dade openbaar presies die teenoorgestelde van dit wat hulle ewe vroom bely./ Baie bekeerdes leef vroom/skynheilig, sonder werklike Christelike liefde en omgee./ Mense veroordeel/bevraagteken dikwels diegene wat buite hul kring leef./wat ander kulture/ tradisies/gewoontes aanhang. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
		[10]

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

"Vincent van Gogh" – D. J. Opperman

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	"miskende"/"vergeefs" ✓	1
3.2.1	Van Gogh se stryd dat sy boodskap nie slaag nie./dat hy as evangelis/prediker misken word./dat hy 'n "miskende heilige" is./dat die werk teen ellende en onreg nie vervulling bring nie./Van Gogh sien God as oorsaak van die ellende./stryd. ✓	1
3.2.2	Ja Dit is skrikwekkend/ontstellend dat 'n prediker nie God se opdrag suksesvol kan nakom nie./ Dit beklemtoon die innerlike stryd van Van Gogh./ Dit beklemtoon dat sy boodskap nie vir hom vervulling/geluk/sukses bring nie./ Dit maak die s-alliterasie opvallend./maak die versreël klankryk./ Dit intensiveer die stryd./ Dit beklemtoon die mens-God-verhouding. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	2
3.3	Personifikasie/metafoor ✓ Die beeld volg na die teenstellende "maar"./wending./ Die gebruik van "verwe" (in plaas van "verf")./ Versreël 7 is die langste reël in die gedig./ Die beeld word deur die paarrym beklemtoon. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
3.4	Polisindeton/herhaling van "en"/voorplasing/ Die gebruik van die woorde "koorsige gevlek"/ Alliterasie/g-alliterasie/ Die gebruik van die aandagstreep/woorde wat na die aandagstreep volg ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
3.5	Paarrym ✓	1
3.6.	In versreëls 1 tot 7 is die stemming troosteloos/neerslagtig/mismoedig/somber/wanhopig/negatief, maar in versreëls 8 tot 14 is die stemming vrolik./vervuld./hoopvol./positief./entoesiasties. ✓ *Die kandidaat bied albei kante van die kontras vir EEN punt aan.*	1
		[10]

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

"besoekersboek" – Fanie Olivier

4.1	"naam" ✓	1
4.2	Die kleinletter in die titel beklemtoon/dui aan dat dit nie 'n letterlike boek is nie, maar 'n figuurlike boek./ Die kleinletter in die titel dui aan dat dit enige boek kan wees. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
	Die kleinletters in die eiename suggereer die nietigheid van die mens se aardse bestaan./algemene name./veralgemening./die onbelangrikheid van die mens op die aarde./dui op die futiliteit van die mens se poging om onsterflik te wees./dui aan dat dit juis nie spesifieke name is nie./ondersteun dat die name graffiti (wat nie aan skryfkonvensies voldoen nie) is. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.3	Retoriese vrae/ Die gebruik van die woorde "hoe lank" ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.4.1	Ja Die woord "íngekrap" sluit by die woord "hiërogliewe" aan. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
4.4.2	Met behulp van die parentese/hakies (word die woorde geïsoleer)./ Die dubbelpunt (dra by tot uitheffing van die woord "íngekrap")./ Die aksentteken (op die ín- versterk ook die kontras met "uitgekrap")./ Die voorplasing/vooropplasing (van die parentese beklemtoon die woorde). ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
4.5	Nee Die woord "probeer" in versreël 12 suggereer dat hy nie daarin slaag nie. **OF** Ja 'n Mens bereik 'n mate van onsterflikheid, aangesien die naam in 'n metaforiese besoekersboek./Bybel aangebring is./ Iemand wat "probeer" (versreël 12), kan slaag./onsterflikheid verwerf. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.6	Die mens is sterflik./verganklik./Lyding is deel van die mens se bestaan./Die mens se bestaan op aarde is tydelik./Selfs die onskuldigstes/naïefstes (kind en lam) ervaar lyding./pyn. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
	Juis omdat die mens besef sy/haar bestaan op aarde is tydelik, skryf hy/sy sy/haar naam in die besoekersboek om onsterflikheid te probeer verkry./ Die spreker verwoord sy/haar gedagtes in 'n gedig om onsterflikheid te probeer verkry. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
		[10]

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

"selfs die son" – Pieter Smit

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Iemand wat wil emigreer/die land verlaat ✓	1
5.2	"maar" ✓	1
5.3	Herhaling/herhaling van die "aa"-klank/aa-assonansie/assonansie ✓ Die spreker beklemtoon die belangrike inligting dat hierdie die spesifieke land is waarvan hy/sy nie wil afskeid neem nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks vir EEN punt aan*	1 1
5.4	Dit beklemtoon die eensaamheid/afgesonderdheid van die mense (wat die land verlaat)./dui visueel aan dat die mens eensaam/afgesonder is. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
5.5	Hartseer/eensaamheid/melancholie/droefheid ✓ "swaar"/"verlaat" ✓	1 1
5.6.1	Tersine/terset ✓	1
5.6.2	Ja Dit bevat die klimaks/hoogtepunt/kerngedagte/gevolgtrekking van die gedig./spreker. Dit versterk die gedagte dat die mens na die land wil terugkeer./ Die positiewe stemming in die strofe word geïsoleer van die voorafgaande negatiewe gedagtes. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	2
		[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

- Die kodes "F" en "E" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: F E

ARGUMENT	MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Fantasiekarakters:		
Iris verbreek nie haar verhouding met Riekie soos ander mense sou nie, maar omskep hom in 'n fantasiekarakter wat vry is van enige menslike swakhede.	Iris gril vir sy sweterige hande en sy onbeteuelde aanvalle./ skryf hom in haar verbeelding oor tot iets meer na haar sin.	Bl. 17: *… het ek sy naam verander na Richard … Ek het sy bruin borselkop omgetower in golwende donker hare … waardeur ek my vingers getrek het in ons oomblikke van ons vervoerde passie … Richard was vry van alle menslike swakhede en veral liggaamlike manifestasies.*
Tydens Elsa en Hannes se onromantiese troue moet sy noodgedwonge Riekie as strooijonker duld, maar sy ken Riekie te goed om opgewonde oor hom te raak en maak dit vir haarself aangenamer.	Sy skep vir haar 'n fiktiewe strooijonker/Eduard wat vir haar meer aanvaarbaar is.	Bl. 22: *Sy oë was donker en intens, hy het Engels gepraat met 'n bekoorlike aksent. Sy naam moes iets wees soos Eduard of St. John. Ek het die grootste gedeelte van die diens bestee aan sy naam.* *Bl. 23: Ek het my blik weggedwing van die vraatsige bruid en na die blomme voor my op die tafel getuur terwyl ek Eduard herroep ...*
	Iris fantaseer dat Eduard haar wil liefhê, omdat hulle min tyd tot hulle beskikking het.	Bl. 23: *Omdat ons net 'n paar dae tot ons beskikking gehad het, was hy haastig. Hy wou my liefhê.*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

	As matriekmeisie kan Iris haar net 'n nag van passie verbeel, aangesien sy nog nie enige ervaring gehad het nie.	Bl. 23: *Ek moes maar konsentreer op sy sensitiwiteit en die pragtige goed wat hy vir my gefluister het tydens ons paar kosbare nagte van passie.*
Kara se reaksie op Elsa se swangerskap laat Iris 'n mooier prentjie van 'n swanger vrou skep./positiewer beeld van swangerskap te skep.	Sy skep vir Greta/haar alter ego, 'n sterk vrou wat in beheer bly ten tyde van haar swanger-skap.	Bl. 28: *Op pad terug huis toe in Pa se kar het ek weer aan Elsa gedink en so is 'n nuwe storie gebore ... dit het een van my meer uitgebreide verbeeldingsvlugte geword en het my maande lank besig gehou.* Bl. 30: "*Moenie so verskrik lyk nie, ek gee regtig nie om nie. Jy weet ek stel nie daarin belang om te trou nie maar ek het nog altyd gedink dit sal lekker wees om 'n baba te hê."*
Iris laat Greta se swangerskap kontrasteer met Elsa se werklikheid.	In haar fantasie is Eduard aangenaam verras deur Greta, die swanger vrou, se voorkoms.	Bl. 48: *Haar voorkoms ... het hom verras ... Sy was ongetwyfeld mooi ... Sterker. Sy het ook nie vir hom besonders swanger gelyk nie.* Bl. 49: *Hy het opgemerk dat sy mooi bene het. (Mooier as myne, vanselfsprekend.)*
	Iris laat sterf Peter, die pa van die kind, sodat Greta vir Eduard, die broer, kon ontmoet./Peter se plek kon inneem./Eduard by die bevalling teenwoordig moet wees.	Bl. 57: *Hy het sy motorsleutels van die koffietafel opgetel. "Ek sal jou hospitaal toe neem." ... Eduard het haar tas opgetel en die deur oopgehou.* Bl. 31: *Die geboorte van Elsa se kind was 'n driebedryfdrama ... Hoe Hannes gesit en werk het ... toe sy die kamer ingesteier kom en aankondig: "Ek dink dis tyd." ... Hoe sy dramaties moes kreun om sy aandag te kry.*
Eerder as om te vra vir 'n ander sitplek/hom te beledig, ontvlug sy die werklikheid van die irriterende medepassasier op die vlug na Frankryk deur middel van haar verbeelding.	Die passasier het onophoudelik geëet, gedrink en gesels wat haar laat gryp na 'n "nuwe" storie.	Bl. 89: *Ek kon sien dit gaan 'n lang vlug word aan die sy van hierdie grapmaker ... In plaas daarvan het ek 'n nuwe storie begin waarin Greta op 'n lang oorsese vlug langs Eduard beland en hoe hulle mekaar ontdek.*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

As sy alleen in New York se strate loop, ontvlug sy die werklikheid deur te idealiseer dat sy saam met iemand daar loop.	In haar verbeelding is Greta ook in New York waar sy vir Eduard raakloop.	Bl. 110: *En die rede waarom hulle nou na vore kom, kon wees omdat ek alleen en skrikkerig in 'n vreemde plek was. Greta se habitat. Daarby was my Eduard vir my op daardie tydstip ewe vaag as Greta s'n.*
	Hoe eensamer sy in New York voel, hoe meer word die Engel vir haar 'n werklikheid./het sy nie meer die fantasiekarakters nodig nie.	Bl. 110: *Ek het gesug. Met die Engel ook by, is Greta en haar geliefde tersyde gestoot; het my verbeeldingsvlugte oor-bevolk geraak.*
As sy in die regte Peter 'n sielsgenoot vind, besef sy sy het nie meer haar fantasie-karakters nodig nie.	Sy besef dat haar werklikheid tekens van die ideale wêreld toon./dit vir haar genoeg is.	Bl. 161: *Maar my onmiddellike probleem was Peter en Eduard. Die twee was besig om te oorvleuel, veral in die koue nagte onder die dik dons-kombers. Eduard adolessente skim, ... Peter was werklikheid.*
Iris se vervulde/aangename werklikheid maak enige fantasie-ontvlugting onnodig.	Peter het vir haar meer gebied as wat sy kon optower.	Bl. 213: *Nog twee karakters wat van die verhoog af verdwyn het, was Eduard en Greta ... Hulle het dieselfde romantiese ont-knopings te dikwels ondergaan, hulle fut was uit.*
Haar fantasie is nie meer nodig om van die werklikheid te ontvlug nie.	Die fantasie verveel haar en is nie opgewasse teen Peter nie.	Bl. 213: *Bowendien was geen denkbeeldige karakter opge-wasse teen die harde fisieke werklikheid van Peter nie. Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spook-beelde waarmee ek my jeug omgedroom het.*
***Engel:**		
In die vreemde beleef Iris die Engel as werklikheid as hy in Parys vir haar raad gee.	Sy sien die vae omlyning van die Engel in die ruit in Kara se woonstel as hy haar aanraai om die man te ignoreer.	Bl. 92: "*Moenie jou aan hom steur nie," het iemand sag agter my gesê. Ek het onthuts omge-draai ... die vae omlyning van 'n Engel gesien.*
Iris glo dat die Engel haar beskermengel is.	Die Engel red haar as hy haar waarsku teen die skaatsbord-ryer.	Bl. 110: *"Oppas!" het die Engel vir my gesis en ek het rats eenkant toe gespring voor 'n jong seun op 'n skaatsbord my middeldeur kloof.*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

Iris beleef die Engel so werklik dat sy na sy raad luister./hy vir haar antwoorde gee wat sy nie vir haarself wil uitspel nie.	Die Engel spreek haar aan as sy vir Joe jok oor 'n agent./help haar besluit om vir Joe 'n kans te gee.	Bl. 101: *"Sies," het die Engel in my oor gesis.*
	Die Engel noem aan haar dat haar beheptheid met die modelkontrak as 'n blomge-leentheid dwaas is./help haar besluit as hy vir haar raad gee om saam met Peter Vermont toe te gaan.	Bl. 131: *"Jy's dwaas," het die Engel met 'n lae stem gesê.*
	Die Engel versterk haar behoefte om 'n heldin te wees as hy haar wakker maak toe Bettie die nag "gif" drink./siek word.	Bl. 162: "*Kom," het die Engel gesê. "Kom." ... en die Engel my gewelddadig in die gang uitstoot.*
	Die Engel help haar om tot die insig te kom dat sy nie vir Frederik lief is nie.	Bl. 177: "*Wat moet ek byvoorbeeld doen omtrent Peter en Frederik?" ...* *"Jy's nie lief vir Frederik nie."* *Ek het gesug. "Ek weet."*
	Die Engel help haar besef dat die lewe nie 'n storieboek is nie./dat sy haar werklikheid moet aanvaar.	*Bl. 187: "Tja," het die Engel gesug. "die lewe is nie 'n storieboek nie."* *"En 'n naam is net 'n naam."* *"Is so," het hy saamgestem.*
Haar onsekerheid oor of die Engel werklikheid of fantasie is, verwoord sy ook teenoor die Engel.	Sy besef dat dit nie saak maak of hy werklikheid of fantasie is nie.	Bl. 178: *"Jy't my opgeroep," het hy gesê.. "Jy het my een van jou fantasieë gemaak." Ek het regop gesit en hom goed gekyk. "Jy's alles behalwe 'n fantasie ..."*
	Anders as die ander fantasie-karakters, bly die Engel enduit deel van haar lewe.	Bl. 220: "*Toe ek nou-nou op-kyk, het ek Die Engel deur die ondertuin sien sweef."*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

* ALHOEWEL IRIS DIE ENGEL SOMS AS FIKTIEF EN SOMS AS WERKLIKHEID BELEEF, IS HY VIR PETER EN DIE ANDER KARAKTERS 'N FANTASIEKARAKTER.

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Sy moet geld trek om Joe vir die koffie terug te betaal. ✓ Joe gaan haar wys waar om stewels te koop (want sy weet nie waar sy die gouste geholpe kan raak nie). ✓	1 1
7.2	By Kara se partytjie (in Frankryk). ✓	1
7.3.1	Die modelkontrak kan vir Iris help om eendag te blom./iemand besonders te wees./iets in die lewe te bereik. ✓	1
7.3.2	Iris besef die modelkontrak kan vir haar bekendheid/roem bring, maar sy is onseker/ twyfel of dit die regte groot blomoomblik sal wees. ✓ Hoewel Iris besef dat dit 'n geleentheid is om 'n modelkontrak los te slaan (waarna sy smag), wil sy nié die geleentheid misloop om saam met Peter na Vermont te gaan nie./vrees sy moontlike konflik met Peter./wil sy nie in die proses vir Peter verloor nie. ✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
7.4	Die ruimte skep 'n mooi agtergrond vir foto's./Daar is sneeu./Die sneeu dra by tot mooi foto's. ✓	1
7.5	Ja In haar huisgesin luister niemand ooit na haar nie./word haar mening nooit as belangrik geag nie./ Wat sy ook al doen, is reeds deur haar susters gedoen./ Sy leef (soos Polder) van oorskietkos./ Sy voel soos Aspoestertjie./ Dit veroorsaak dat sy 'n alleenloper/buitestander is./ Sy roep fantasiekarakters op./ Sy kommunikeer met die Engel. ✓✓✓ *Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	3
7.6	Kara ✓ Sy sê sy het 'n doodgewone gesig./boeregesig. ✓	1 1
7.7	Iris is onseker./bang vir die vreemde./glo nie sy is mooi nie./wil nie hê hy moet foto's van haar neem nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* Sy is bang dat sy haar blomoomblik kan mis./kan nie 'n potensiële blomoomblik onbenut laat nie./Joe aanvaar nie haar weiering nie; hy weet dat sy jok. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

7.8	Ja Peter kan nie onbepaald vir haar wag nie, want hy is ook al ouer./meer volwasse./ gereed vir 'n verhouding./ Hy wil nie hê Iris moet onder ateljeeligte blom nie./moet die modelkontrak kry nie./ Hy wil haar beskerm./gee om vir Iris. **OF** Nee Dis selfsugtig van hom om Iris voor 'n keuse te stel./ Hy moet Iris die geleentheid gee om self oor haar toekoms te besluit. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
7.9	Tydens sy eerste besoek aan SA (nadat hy na Amerika vertrek het)/hulle ete by 'n Italiaanse restaurant wil hy weet of daar 'n ander man in haar lewe is. ✓ Toe Peter vir Joe in haar hotelkamer aantref. ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
7.10.1	Die Engel is iemand met wie sy kan praat./by wie sy raad ontvang./ Die Engel is iemand wat na haar luister./ Die Engel hef haar verveling op./ Die Engel tree as Iris se beskermer op. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
7.10.2	Iris het hom nie meer nodig nie. ✓ Die werklikheid is mooier/beter as die fantasie./Peter vul haar lewe. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
7.11	Ja Iris ontwikkel (van 'n jong meisie wat onseker is oor die lewe) tot 'n volwasse vrou wat vrede met haar omstandighede maak. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
7.12.1	In TEKS A pas dit haar./wil sy hom ignoreer./het sy hom nie nodig nie. ✓ In TEKS B is sy afhanklik van hom./sy siening om haar konflikte op te los. ✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
7.12.2	Hy gee nie om nie./voel die Engel moet hom nie met hul verhouding bemoei nie. ✓	1
		[25]

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**
- Die kode "A" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: A

ARGUMENT	MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Reeds as kind is Baas anders as hy navorsing oor die gebiede waar sy oupa-grootjie gewoon het, doen.	Hy raak bevriend met die dorpsbibliotekaresse om lees-stof oor veral Zambië te bekom.	Bl. 11: *... waar hy bevriend raak met die dorpsbibliotekaresse, wat hom voorsien van leesstof oor Suid-Afrika se noordelike buurlande, veral Zambië en die gebiede rondom die Zambezi-rivier.*
Na sy ouers se dood, verset hy hom teen die Rhodesiese beleid om iets van sy erfporsie te behou.	Hy jag sy eie beeste en verkoop die vleis aan die vleisverwerkingsaanleg wat hom in buitelandse valuta vergoed.	Bl. 13: *Baas verloor al sy familiebesittings, insluitende die plaas. Maar teen dié tyd het hy uit die karkasverkope van sy vee reeds 'n redelike bedrag aan kapitaal in 'n Suid-Afrikaanse bank opgebou.*
Sy andersoortigheid blyk daaruit dat hy hom nie deur sy eie familie laat voorsê nie.	Hy en Brindle, sy hond, slaap alleen in 'n plantasie./nie by die familie nie.	Bl. 13: *Op Louis Trichardt, waar hy beplan het om sy ou skoolmaats te gaan opsoek en 'n paar dae oor te bly, slaap hy en sy hond Brindle alleen by 'n vuurtjie van dennestokkies in 'n plantasie teen die hang van die Soutpansberg.*
	Die laaste aand voor hy weer die pad vat, slaap hy en Brindle in die kerkhof waar sy pa en ma begrawe is.	Bl. 15: *Hy ry na die kerkhof waar sy pa en ma begrawe is en bring die laaste aand in die Houtboschberg daar deur.*
Alhoewel die familie hom aanmoedig om ou vriende op te soek, doen hy dit nie.	Hy kry die werk van sy jeug-vriend, Ngwako, wat verlam lê in die hospitaal, maar gaan besoek hom nie.	Bl. 23: *"Jy het baie verander, Baas. Jy het nie eens vir Ngwako in die hospitaal gaan kuier nie. Hy het na jou gevra toe ons hom gesê het jy is hier."*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

Hoewel hy alleen is, onttrek hy hom aan die res van sy familie./weier hy om deur die familie getroos te word.	Hy wil nie oor sy trauma/ emosies praat nie.	Bl. 22: *Dis nie goed wat in 'n mens se klere bly sit nie, Baas. Moenie maak of dit nie bestaan nie. Dis meer as twintig jaar sommer net so weg ...*
	Hy is kwaad vir God./onttrek hom van God/godsdiens en weier daarom om sy ma se Bybel saam te neem.	Bl. 13: *Selfs toe Baas later die Bybel minder gereeld uithaal en uiteindelik glad nie meer nie, is dit of die hond aand na aand wag vir die ritueel*.
Baas besluit om sy eie rigting in te slaan./sy familie agter te laat./as toergids by 'n safarimaatskappy in (die noorde van) Botswana te gaan werk.	Hy besef dat hy sy familie ontgroei het en besluit om in sy oupagrootjie se voetspore te stap.	Bl. 14: *Tog besef hy dat 'n mens mettertyd familie ontgroei, ... Hy aanvaar die pos as toergids by 'n safarimaatskappy in die noorde van Botswana.*
Met die tipiese Baas-koppigheid koop hy 'n boot om die ongedurigheid oor die Zambezi te besweer.	Baas besluit om die Zambezi self te gaan verken./moontlik-heid van toerisme in daardie gebied te gaan ondersoek.	Bl. 15: *Snags, en ook gedurende sy af dae, bestudeer hy die topografiese kaarte van Barotseland en die ander gebiede van Zambië ... koop hy 'n tweedehandse motorboot en 'n sleepwa en bedank uit sy werk.*
	Baas weier Mark James se aanbod om vir hom te werk, terwyl hy kennis oor die gebied kan opdoen.	Bl. 15: *Hy wys die werksaanbod vir eers van die hand.*
Op Manaka kies Baas om, téén sy ouers se opvoeding, nie by die mense van Barotseland betrokke te raak nie.	Hy wil aanvanklik nie saam met Manuel gaan nie, maar raak teen sy sin by Manuel en sy gesin betrokke.	Bl. 29: *Baas weet hy gaan hom laat saamsleep. Hy vat sy rugsak en los die honde by die kamp ... Baas haal die dosis chlorokien uit sy rugsak.* Bl. 30: *Ligdag gaan gee Baas vir die kind die laaste twee pille van die dosis.*
Baas gee sy laaste medisyne weg, al weet hy hy moet te alle tye malariamedisyne hê.	Hy kry self malaria, omdat hy sy laaste malariapille vir Grace gee toe ouma Essie hom kom vra om hulle te help.	Bl. 42: *"Maar jy weet tog ek het nie meer pille nie. As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!"* Bl. 43: *Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

Baas kies om niks met geloof te doen te hê nie, alhoewel dit teen sy opvoeding indruis.	Die eerste aand op Manaka droom hy van sy ma/word hy aan haar waardes wat hy agtergelaat het, herinner – iets wat sy gewete aanspreek sonder dat hy beheer daaroor het.	Bl. 21: *Sy kom op haar kaal voete na hom toe aan, die kettinkie waaraan die kruisie hang, is in haar hande. Sy probeer dit oor sy kop kry.*
Baas huiwer nie om aan-stoot te gee nie.	Hy probeer deur verwyte/ woede die inwoners van Barotseland van hom weg-stoot.	Bl. 63: *"Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie? Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef? Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare ver-moor is?"*
	Baas weier om die khuta te gaan spreek.	Bl. 92: *"Ek wil niks weet van daardie sirkus wat julle 'n khuta noem nie ..."*
	Hy tree onbeskof teenoor die sendelingpaar op./wil nie sy leefruimte met hulle deel nie.	Bl. 92: *"Nou soek hulle 'n geleentheid om met my te 'gesels'! Ek skep nie meer geleenthede vir enigiemand om met my te gesels nie, dis al. Gaan sê dit vir daardie sendelinge ..."* Bl. 113: *"Dis iets waaroor ek ook sterk voel, dominee. Ek hou ook nie daarvan om in 'n blik gedruk te word nie. Daar word van hierdie janrap verwag om te besluit of ek jou in my huis wil hê terwyl jy lankal besluit het jy wil nie hier wees nie."*
Baas se andersoortigheid kom ook na vore in die feit dat hy hom vererg oor die onreg in die gemeenskap./ huiwer nie om 'n nuwe fase te begin waarin alle mense met respek behandel moet word nie.	Baas vererg hom vir die vernederende manier waarop Riekert vir ouma Essie wil vergoed vir haar gasvryheid. Hy gee nie die R5 aan haar nie.	Bl. 172: *Hy wig die vyfrandmunt wat Riekert vir ouma Essie gestuur het voor sy oupagrootjie se bors tussen die glas en die raam in.*
	Baas spreek hom uit teen die feit dat Grace in die nag na hom moet loop om medisyne te kom soek.	Bl. 185: *"Hoekom het meneer Mosko of daardie meneer Kebbey nie kom sê nie? Hoekom moet jy in die nag loop?"*
	As Whitey vir Sitali wil gebruik om na die boot te gaan soek, sê Baas Whitey moet eers vir Sitali vra.	Bl. 244: *"Ja, hy is groot genoeg om gestuur te word. Ons moet net hoor of hy gestuur wíl word. Sitali!"*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

	Hy betaal meneer Johnnie se lobolageld aan sy skoonouers en daardeur ook sy oupa-grootjie se uitstaande lobola-geld.	Bl. 239: *By Manaka beduie hy vir meneer Johnnie in watter sloot die bul lê. Hy stuur hom om vir sy skoonmense te gaan sê dit is die losprys vir sy vrou en sy kind.*
Baas tree spontaan op by situasies waarin hy tot vroue se redding kom in 'n ander-sins manswêreld.	Hy verwyder meneer Daaimon gewelddadig uit die hut van die siek ou vrou./dra meneer Chisupo daar uit.	Bl. 192-193: *Baas tel meneer Daaimon op en dra hom van die hut af weg ... In die donkerste deel van die vertrek staan meneer Chisupo in sy lang swart jas ... Baas tel hom op en dra hom uit.*
	Baas aanvaar die rol as beskermer van Grace teen Kebbey en Riekert as ouma Essie nie by die huis is nie.	Bl. 221: *"Dit kan vir jou gevaarlik wees om alleen by die kerk te slaap, sê Baas. "Die honde sal nie daar by jou bly nie. Dit sal beter wees as ek by Whitey se plek gaan slaap."*
	Baas sê vir Grace dat sy hom nie weer "meneer" moet noem nie./hulle is gelykes.	Bl. 246: *"Jy moenie weer vir my 'meneer' Baas sê nie," sê hy.*
Baas besef dat sy andersheid juis daarin lê dat hy 'n omgee-hart het.	Baas besef dat hy, net soos Whitey, dit nie kan help om by ander mense se nood betrokke te raak nie./alle mense mens-waardig te behandel nie.	Bl. 178: *"Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis 'n familiekwaal."*
Baas se andersheid lê daarin dat hy aanvanklik liewer vir sy honde as vir mense is.	Hy jaag die sendelinge uit die kombuisarea uit, alhoewel dit reën./omdat dit sy honde se slaapplek is.	Bl. 82: *"Dit is mý kamp die," sê hy weer. "En daardie is my honde se slaapplek. Dit reën!"*
Baas is nie materialisties in-gestel nie.	Hy laat Grace toe om sy geldsake te hanteer.	Bl. 196: "*Hierdie keer sal ek die vleis verkoop." ... "om besigheid te doen, is nie iets waarmee jy goed is nie."*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	(Baas se) oupagrootjie/die skoenlappervanger/die buffeljagter/Dennis Chip-man ✓	1
9.2.1	Omdat Baas vir die mense van Manaka/die Lozi's iets (kan) beteken./van kos/ medisyne voorsien./ Op Manaka was hy nie die vyand van die plaaslike bevolking soos in Suid-Rhodesië nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
9.2.2	Die khuta laat Baas vir die gebruik van die hele Manaka betaal, maar verhuur dan die boonste gedeelte aan die sendelinge./ Sy Land Rover breek, omdat hy houtpale vir die khuta moet aanry./ Die khuta aanvaar dat sy boot tot beskikking van al die mense sal wees./ Die khuta wil in die wins van die slaghuis deel. ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.*	2
9.3.1	Nee Hy verander, want hy kom tot insig./aanvaar sy roeping./herwin sy geloof. ✓	1
9.3.2	Sy niggie/Mart ✓ Grace ✓	1 1
9.4	Sy goedhartigheid/onvermoë om nee te sê/vrygewigheid ✓ Baas gee sy laaste malariamedisyne aan Manuel se dogtertjie./Baas koop meer malariamedisyne as net vir eie gebruik wanneer hy by die kliniek kom./ Baas koop ekstra mieliemeel en suiker vir Manuel en sy gesin wanneer hy sy eie kruideniersware aankoop./ Baas deel kos/medisyne aan die mense van Manaka uit./ Baas gee vleis op skuld aan die mense (en hulle kom betaal dit nooit nie)./ Grace koop met Baas se geld vir Sitali inkleurboeke./ Baas gee vir Grace sy laaste geld vir 'n ekstra stel klere. ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 2
9.5	Ja Dit bewys Baas se liefde vir honde./ Dit verbind hom aan die tradisie dat alle Baaskarakters 'n Ierse Terriër met die naam Brindle het./ Dit is karakteropenbarend./ Die versterk die gedagte dat hy alleen is. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	2
9.6	Die dood van Grace se tannie/mnr. Mosko se ma/die ou vrou ✓	1

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

9.7	Ja Sy woon langer as Baas op Manaka./ Sy weet Baas kom nie baie in daardie omgewing nie./ Sy het die rol van versorger van Baas oorgeneem./ Sy is bang hy verdwaal./ Sy weet hy is ontsteld. **OF** Nee Baas is tuis in die veld./onafhanklik. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
9.8	Die sendelinge neem aanvanklik sy woongebied oor./ Die kerk waar hulle nou bly, is steeds te naby vir Baas se sielevrede. ✓ Hy wil nie die sendelingpaar op Manaka hê nie/wil nie sy ruimte met hulle deel nie, alhoewel hy weet dat hulle geen ander heenkome het nie./dit die regte ding is om te doen./sy ouers dit van hom sou verwag./ Hy wil hulle nie daar hê nie, maar hy voel tog skuldig oor die feit dat hy hulle nie daar wil hê nie./ Die sendelinge se teenwoordigheid is frustrerend as dit hom so besig hou dat hy nooit by sy boot uitkom nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
9.9.1	Whitey is in die begin slegs die man met die houtlorrie./wat vir Baas en Grace van Ngweze sal laat saamry Manaka toe. ✓	1
9.9.2	Whitey word vir Baas 'n vriend./geesgenoot./familielid./ Whitey verskaf inligting aan Baas oor hulle oupagrootjie./ Whitey voorsien Baas van planke vir die houtbankies onder die boom./ Whitey gaan soek/vind die boot./ Whitey en Baas gesels oor hulle sendelingroeping. ✓✓✓ *Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
9.10	Nanna (du Pisani) ✓	1
9.11	Oupagrootjie: Die oupagrootjie het 10 bokke as lobola geskuld./sy kind verloor, omdat hy lobolaskuld nie kon betaal nie. ✓ Baas: Baas betaal met die buffel meneer Johnnie se skuld (sodat Johnnie sy vrou en kind kan terugkry). ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
9.12.1	Baas vernoem (die boot na) sy ma. ✓	1
9.12.2	Ja Riekert skep die indruk dat alle mense vir hom gelyk/menswaardig is, maar hy is juis die een wat ouma Essie uitbuit./vir Grace probeer verkrag./R5 vir 'n week se verblyf by ouma Essie betaal. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.*	1
		[25]

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

- Die kode "A" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: A

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Ta Vuurmaak is 'n opregte Griekwa wat volgens sy Griekwakultuur leef.	In Vatmaar voel alle soorte mense en kulture tuis, maar Ta Vuurmaak assosieer hoofsaaklik met Sus Bet, van geboorte ook 'n Griekwa.	Bl. 83: *Hy was 'n opregte Griekwa, het hy met trots vertel*.
Ta Vuurmaak deel sy kennis/vaardigheid met Vatmaar se mense, maar bly self in 'n tenk.	Hy leer mense om stene te maak sodat hulle self hulle huise kan bou; hy palm nie alles self in nie.	Bl. 83*: met sy steenvorm het hy sy deel gedoen ...*
Ta Vuurmaak is 'n alleenloper.	Hy het sy vorige twee vrouens na hulle ma's teruggestuur, omdat hulle nie vir hom kon kinders gee nie en daarna nie weer getrou nie.	Bl. 5: *Wat hy nie kon verstaan nie, het hy altyd gesê en gelag, is dat al twee vroumense ander mans gevat het en vir hulle kinders gegee het.*
Ook wat Ta Vuurmaak se voorkoms betref, is hy andersoortig./uniek.	Hy dra 'n langbroek met afgesnyde pype asook velriemskoene en 'n keps waarmee hy sy mooi bleskop wegsteek./Die nuwerwetse modes en klere wat in Vatmaar gedra word, is nie vir Ta Vuurmaak belangrik nie./Hoe-wel die mense hom spot oor sy krom bene, volstaan hy met die klere waaraan hy gewoond is.	Bl. 5: *Hy het altyd 'n langbroek met afgesnyde pype gedra. Sy bene was krom ... Hy het velriemskoene gedra wat hy by Tant Wonnie gekoop het.* Bl. 5: *Ta Vuurmaak het altyd 'n keps gedra.*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

Ta Vuurmaak se huis lyk anders as die Vatmaar-inwoners se huise.	Die Vatmaar-inwoners se huise word van Kimberley-stene (wat deur Ta Vuurmaak gemaak word) gebou en netjies gehou. Hy woon in 'n treinwatertenk wat deur die Boere vol gate geskiet is./Die voorkant van die tenk is lank gelede uitgehaal en die bokant en sye is toegepak met droë en groen takke.	Bl. 10: *... en gaan haal dit vir jou want dit sal 'n baie lekker slaap-plek uitmaak.* Bl. 10: *Ek is daardie nag met vier osse na die treinwatertenk toe ...* Bl.85: *Die voorkant van die trein-watertenk is nog voor ons seuns gebore is, uitgehaal.* Bl. 85: *Tussen die droë takke het daar allerhande kruipende goeters gebly ...*
Ta Vuurmaak se huis staan nie in Vatmaar nie./Ta Vuur-maak betaal ook nie erf-belasting nie.	Ta Vuurmaak se watertenk-huis/"cabin" staan afgeson-derd tussen die begraafplaas en die vlei, presies daar waarheen hy dit met die osse aangesleep het, nog voordat Vatmaar ontstaan het.	Bl. 84: *Die oupa het gewoonlik een hele dag gevat om een keer 'n week by iemand in Vatmaar te gaan kuier*. Bl. 5: *So Ta Vuurmaak het nie jaargeld betaal nie.*
Ta Vuurmaak assosieer – anders as die inwoners van Vatmaar – nie met die ander inwoners nie./kuier nie saam met sy portuurgroep nie.	Hy gaan een dag per week kuier./Hy ontvang besoek net van kinders wat na sy stories luister./snags in sy "cabin" slaap om hom op te pas./Sus Bet ruim op Saterdae sy plek op./Om die Griekwatradisies te leer ken, moedig Sus Bet die Griekwakinders aan om na Ta Vuurmaak se stories te luister.	Bl. 84: *Die oupa het gewoonlik een hele dag gevat om een keer 'n week by iemand in Vatmaar te gaan kuier*. Bl. 84: *... het die kinders vir hom in sy cabin gaan kuier*. Bl. 83: *Daar was Griekwa-kinders wat Sus Bet wou hê die stories van hulle se afkoms moes hoor en onthou.*
Anders as die ander inwoners loop Ta Vuurmaak nie self na die bank/Du Toitspan toe vir besigheid nie.	Ta Vuurmaak gee vir Sus Bet die reg om sy maandelikse pensioen te trek en vir hom aankope te doen.	Bl. 83: *Hy het vir Sus Bet die reg gegee om sy geld te trek en vir hom te sorg.*
Ta Vuurmaak, anders as die meeste mense in Vatmaar, aanvaar nie die Christelike geloof nie./hang die tradi-sionele Griekwageloof aan.	Ta Vuurmaak glo in Heitsi Eibib, die boodskapper van Tsui, God van Alles, soos sy voorvaders. Hy sê self dat hy die Christelike geloof nie verstaan nie.	Bl. 86: *Onse Grootman van God, Heitsi Eibib, die boodskapper van Tsui, God van Alles, het Ta Vuurmaak op 'n ander dag gesê ...* Bl. 90: *Want Ta Vuurmaak kon nooit die Christelike geloof ver-staan nie.*
Ta Vuurmaak bekommer hom nie oor die dag van môre nie.	Hoewel die meeste mense in Vatmaar hulle oor onregver-dige lyding, armoede, werk-loosheid, ens. bekommer, draai hy bloot om en raak vas aan die slaap.	Bl. 94*: Nou het ek genoeg gepraat. Ek is moeg. Hy het omgedraai en vas aan die slaap geraak, sonder 'n bekommernis in die wêreld*.

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

Eie aan sy andersoortigheid, voorspel Ta Vuurmaak die aand voor sy dood sy eie dood.	Toe Roman die groot hottentotsgot doodtrap, voorspel Ta Vuurmaak dat hy die nag sal sterf.	Bl. 95: *... Roman het op die baie groot hottentotsgot getrap ... die ta het gesien wat gebeur ... Net soos die hottentot sy laaste wind uitgeblaas het, so sal 'n Griekwa ook vannag sy laaste wind uitblaas.*
Ta Vuurmaak word volgens die Griekwatradisie begrawe, terwyl al die ander mense in Vatmaar, bv. Ruth, op 'n Christelike wyse uit die kerk begrawe word.	Sus Bet reël by voorbaat dat 'n dokter Ta Vuurmaak besoek sodat hy later, wanneer Ta Vuurmaak sterf, net die doodsertifikaat kan uitskryf en feitlik dadelik begrawe kan word.	Bl. 90: *Sus Bet het 'n dokter laat roep om na Ta Vuurmaak te kom kyk sodat hy 'n doodsertifikaat kon uitskryf vir wanneer Ta Vuurmaak ons verlaat.*
Ta Vuurmaak is voorskriftelik oor sy begrafnis.	Sus Bet wil Ta Vuurmaak dadelik laat begrawe, voordat die liggaam styf word, sodat die liggaam in 'n gehurkte posisie begrawe kan word.	Bl. 90: *Sus Bet wou die lyk laat begrawe voor dit styf word sodat Ta Vuurmaak die laaste kon wees om 'n Griekwa-begrafnis te kry.*
	Hy skryf voor hoe en watter kruie gebrand moet word en hoe die liggaam in die graf geplaas moet word./Dit is nie die gebruik in Vatmaar nie, behalwe dat die doodskiste gereed staan.	Bl. 96: *Ek het nie geweet hoe nie tot onse Ta my self vertel het wat om te doen.*
Ta Vuurmaak word nie deur 'n "domanie" begrawe nie./ Ta Vuurmaak word nie in 'n kis begrawe nie.	Sus Bet lei die seremonie en gee so uitvoering aan Ta Vuurmaak se opdrag met betrekking tot die drie kruie, rook en vuur asook die posisie van die liggaam wat in 'n karos toegedraai word.	Bl. 95: *Die ta is in die karos toegerol en hulle het die lyk met sy knieë onder sy ken teen die boom ...* Bl. 96: *Broer het hom so gehurk en opgerol in sy karos gedra*. Bl. 96: *... het Sus Bet seker gemaak dat die liggaam van die ta op sy hurke was, met die gesig na waar die son opkom*.
Hoewel niemand in Vatmaar dit doen nie, word al Ta Vuurmaak se meubels en klere aan die brand gesteek, omdat hy opdrag gegee het voor sy dood.	Die bedoeling is dat die vuur alles moet reinig, en wat oorbly, kan Broer kry om te gebruik, in opdrag van Ta Vuurmaak.	Bl. 96: *Broer, al wat oorbly na die vuur van onse Ta, behoort aan jou.*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

Ta Vuurmaak se graf word in die verste hoekie van die begraafplaas – afgesonder van die ander grafte – met klippe toegepak, soos hy self opdrag gegee het.	Ta Vuurmaak het Sus Bet opdrag gegee dat hy nie tussen die Christene begrawe mag word nie.	Bl. 97: *... was daar 'n klein klipkoppie in die verste hoek van die begraafplaas.* Bl. 97: *Moet nooit lat my aardse rusplek tussen dié van die Christene is nie ...*
Na afloop van die begrafnis is die mense huis toe sonder 'n vleisfees.	Dis gewoonte om na afloop van begrafnisse in Vatmaar 'n samekoms/gekuier met genoeg te ete en te drinke aan te bied.**/**Sus Bet sê dis te wyte aan die feit dat Ta Vuurmaak nie 'n nageslag nagelaat het nie.	Bl. 97: *Daar sal nie vandag 'n vleisfees wees nie, het Sus Bet vir die mense gesê, Ta Vuurmaak het nie vir ons 'n nageslag gelaat nie.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
11.1.	'n Gemengde huwelik was in daardie tyd besonder vreemd./ongewoon./ Dit was buitengewoon dat 'n opgeleide Engelse soldaat na die Oorlog in Suid-Afrika agterbly om met 'n doodgewone vreemdeling te trou. ✓	1
11.2	Vatmaar bied 'n heenkome vir mense wat op ander plekke nie inpas nie./ In Vatmaar is alle mense welkom wat op ander plekke onwelkom is./ Vatmaarmense onderskei nie./oordeel nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
11.3	Hy word vir drie maande langer betaal as wat hy gewerk het. ✓ Hy kry werk as assistent van die "town survyor"./'n witmenswerk. ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
11.4.1	Oupa Lewies praat met mr. Walker oor 'n moontlike nedersetting wat hy toe op die raadsvergadering se agenda plaas./Omdat Oupa Lewies graag op so 'n plek saam met Ruth wil bly, noem hy die saak aan mr. Walker/die army captain wat vir toestemming sorg. ✓	1
11.4.2	Oom Chai kry die plan om 'n nedersetting buite Du Toitspan/naby die vlei te begin./Oom Chai vertel vir Oupa Lewies van sy plan om 'n nedersetting naby die vlei te begin. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
11.5	Oom Chai laat sê die kinders op Saterdae die Onse Vader in Afrikaans op. ✓ Oom Chai speel 'n beduidende rol in die gebruik van die kerk as 'n Afrikaanse skool. ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
11.6.1	Sy besluit om met Bettie te trou. ✓	1
11.6.2	Hy ervaar innerlike konflik, omdat hy soos 'n jongman met Bettie probeer dans, omdat hy nie wil aanvaar dat hy 'n ou man is nie./terwyl sy ouderdom hom in die verleentheid stel./ Hy voel ernstig daaroor dat hy Bettie liefhet, terwyl Boitjie hom wrewelrig maak/hom met haat vul, omdat hy vir Chai 'n bedreiging inhou./dit duidelik is dat Bettie in Boitjie belangstel./ Chai voel ontnugterd, omdat hy sy totale menswees by Bettie se doen en late aangepas het, maar besef dat hy 'n totale gek van hom gemaak het./deur die gemeenskap uitgelag word./ Chai hou van stilte/stemmigheid/waardigheid, maar moet dit prysgee om die frustrasie van Bettie se musiek/lawaai/uitspattigheid te verduur. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE innerlike konflikte vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat bied beide kante van die konflik vir EEN punt aan.*	2

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

11.7.1	Tant Wonnie deel haar kennis oor kruie met almal./ Water word met almal gedeel./ Tant Wonnie versorg ander mense se grafte in die begraafplaas./ Missus Wingrove laat toe dat Tant Wonnie haar huis vir dieselfde prys as wat dit verkoop is, terugkoop./ Tant Wonnie betaal die geld vir Settie September-hulle se rit Vatmaar toe. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke voorbeelde vir EEN punt elk aan.*	2
11.7.2	Nee Sy kla Tant Wonnie valslik van diefstal aan sodat Tant Wonnie gevange geneem word. ✓ Sy drink al Tant Wonnie se gemmerbier uit. ✓ Sy vertel dat Tant Wonnie 'n maloi/heks is./vertel leuens vir Sus Bet oor Tant Wonnie. ✓ *Die kandidaat bied DRIE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*	3
11.8.1	Sy kry haar eerste pensioengeld. ✓	1
11.8.2	Sy het 'n huweliksertifikaat gekry./ Sy het vir Heinrich se oorlogspensioen gekwalifiseer./ Sy het klere./skoene./'n dag se uitgawes./kos ontvang./ Sy is met die beskikbare transport teruggeneem Vatmaar toe. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
11.9	Tant Wonnie moet die twee doodskiste oppas totdat dit benodig word. ✓	1
11.10	'n Mens verwag dat die lantern vir Suzan geluk/vreugde sal inhou; in werklikheid is dit dieselfde lantern wat die huis laat afbrand./wat veroorsaak dat alles wat Suzan besit, in die brand vernietig word. ✓ *Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.*	1
11.11.1	Ma Khumalo neem vir Norman v/d Westhuizen (van 'n ander rassegroep) in haar huis as haar eie kind. ✓ Kenny kry Kaaitjie, wat nie sy ouers se goedkeuring sal wegdra nie, lief./ Kenny aanvaar vir Suzan, wat nie sy kind se ma is nie, as vrou./sy kind se nuwe ma. ✓	1 1
11.11.2	Ja Suzan kry saam met haar ma baie swaar./ly honger en armoede, omdat haar pa in die oorlog dood is./haar ma en pa nooit wettig getroud is nie./moet Kaaitjie se kind grootmaak nadat dié onverwags sterf./verloor haar huis a.g.v. 'n brand. ✓ Nee Harry Look bedank sy werk by die hotel toe Liza nie langer daar welkom is nie./koop sy eie winkel toe die deure by die hotel vir Liza toegaan./toe Liza sy kind verwag./kry nooit onregverdig swaar nie – hy bedank uit eie keuse./se winkel is baie suksesvol omdat hy regverdig is. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke motivering vir EEN punt aan.*	1 1
		[25]

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys**.
- Die kode "A" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: A

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Anders as sy ouderdomgenote word Eckardt vroeg in sy lewe aan trauma blootgestel.	Hy sien sy pa met 'n rewolwer in die hand./Hy maak kennis met hoe dit voel om te vrees.	Bl. 39: *Dis hoe vrees voel: Vuur blits deur jou lyf, elke senuwee ruk wakker, adrenalien gooi jou gedagtes in snelrat, jou oë sper oop, jou asemhaling hou op en jou borsholte pers saam.* Bl. 40: *Sy pa se groot lyf, half oor die lessenaar gebuig, asof hy besig is om te skryf. Maar in sy hand is daar nie 'n pen nie. Daar is 'n 9-mm pistool in sy geklemde vuis. Die een vinger is om die sneller.*
Anders as ander kinders word Eckardt vanaf 11-jarige ouderdom gedryf deur wraak.	Hy doen deeglik navorsing/ beplan sy wraak meesterlik voordat hy dit tot uitvoer bring.	Bl. 214: "*Van hoe ek alles moontlik uitgevind het van julle gesin voordat ek my attack begin het? ... Ek het vooraf my vuil ou handjies op al jou skoolrekords gelê."*
Eckardt het 'n valse identiteit.	Hoewel hy bekend word as Eckardt Wilken, weet niemand wat sy regte naam is nie. Daarom word hy nooit met die regter wat vermis is/dood is, verbind nie.	Bl. 213: *... want jare later sou hy vir homself 'n ander naam kies. Een waarmee hy die vrees kon uitdryf. 'n Naam wat sê hoe dit voel om magteloos te wag vir antwoorde en net eggo's uit die onderwêreld in ruil te kry.* Bl. 225: *"... Ek het twee name hier: Eckardt Wilken en Ekk-0. Is dit sy regte naam?"*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

	Eckardt skep vir hom 'n valse gesin deur 'n foto van die internet te leen.	Bl. 213: *"Die foto van jou gesin, jou broer, suster, jou pa-hulle ... " sê-vra ek. "Van die internet afgelaai. Ek het nie 'n clue wie die mense is nie."*
	Eckardt maak seker dat hy nie op foto's verskyn./ geïdentifiseer kan word nie.	Bl. 152: *Eckardt se gesig is 'n waserige veeg – hy het weggekyk net toe die foto geneem is.*
Eckardt is wyd belese en weet van baie meer as ander leerders van sy ouderdom.	Hy dra kennis van kwantum-teorieë en hul invloed op kwantumrekenaars.	Bl. 55: *Hy weet van goed wat die res van ons ouens nie 'n clue van het nie ... "Kennis kos nie geld nie," sê hy. "Kennis kos tyd."* Bl. 56: *Eckardt is anders. Hy lees omdat hy wil.*
	Eckardt se kennis van die Griekse mitologie maak van hom 'n enigma.	Bl. 87: *Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos ..."*
Eckardt se kennis van die internet en die onder-wêreld onderskei hom van die ander leerders.	Eckardt waarsku Greg aan-vanklik teen die gevare daarvan om op die internet te snuffel (*internet surfing).*	Bl. 70: *"Baie gevaarlik wat jy nou doen, nè?" sê Eckardt. "Hoekom?" ... "Dit beteken enig-iemand kan sien wat jy nou doen – ás hulle wil sien waarna jy kyk ..."* Bl. 182: *"Nou is daar die ECT-wet wat hacking verbied. Afhangende van wat jy gedoen het, kan jy vir tot vyf jaar tronkstraf kry ..."*
	Eckardt se verduideliking van die voordele van White Hats oorrompel Greg heeltemal.	Bl. 81: *"So daar is die good guys en die bad guys in die hacking onderwêreld." "Ja, hulle praat ook van die White Hats en die Black Hats."*
	Eckardt se kennis van programmering is op 'n baie hoër vlak as die gemiddelde mens s'n.	Bl. 183: "*Ek het op die internet en die chatrooms gelees wat die ander ouens doen, dan het ek dit self probeer, met stampe en stote. En 'n goeie dosis geluk."*
	Die polisie moet 'n kenner inspan om Eckardt se skoot-rekenaar te ondersoek./te ontdek wat Eckardt alles vir Greg geleer het.	Bl. 195: *"Die ou is van die CCU. Die Computer Crimes Unit. Hy het laat vanmiddag deurgekom van Gauteng af ..."*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

Eckardt se andersheid blyk juis uit die feit dat hy as matriekleerder by Lawson Kollege begin.	Greg vind dit vreemd, omdat dit nog nie voorheen gebeur het dat 'n leerder eers in matriek by die skool aansluit nie.	Bl. 53: *En ek kan dit sommer ruik: 'n nuweling. Kan jy nou meer? In ons laaste jaar. Sy pa moet connections uit 'n ander wêreld hê.*
Eckardt se houding laat hom onmiddellik soos 'n seer vinger uitstaan.	Eckardt tree van die begin af arrogant en meerderwaardig op.	Bl. 53: *"Ek kan tel," sê hy ...* Bl. 53: *Hardegat word sagtegat.*
	Met sy uitdagende houding antagoniseer hy van die begin af vir Greg.	Bl. 53: *Moeilikheid, sien ek. Hierdie ou soek moeilikheid ... Hy moet nie dink hy kan hier aankom met 'n houding nie.*
Eckardt se voorkoms verklap dat hy anders is.	Hy is ongeskeer./het 'n strak gesig.	Bl. 53: *Donkerkop, ongeskeer. Strak gesig. Sy donkerkop, ongeskeer. Strak gesig. Sy oë kyk 'n oomblik lank na my van onder sy donker wenkbroue ...*
Eckardt daag self by die skool op sonder enige voorafkeuring.	Eckardt het toegang verkry tot die skool se databasis en sy nuwe identiteit/leerderprofiel geskep./vervals.	Bl. 212: "*Nie as ek myself klaar geregistreer het as 'n matriekleerder nie. Dis ook hoekom hulle nie my ouers ontmoet het nie ... So ek het ingekom by Lawson Kollege – op my eie stoom en met vervalste skoolrekords."*
Hy is die enigste nuwe leerder wat nie georiënteer is nie.	Hy het nie die Trappers se tonnelritueel voltooi nie as gevolg van Greg se ingryping.	Bl. 62: *"Stop!" skree ek. "Los hom!" Ek gryp die ouens wat vir Eckardt in die mangat laat sak aan die skouers.* Bl. 63: *Toe trek ek homself uit die donkergat.*
	Eckardt sing nie die skoollied nie.	Bl. 62: *"Ek sing nie," sê hy.*
Eckardt is van begin af 'n alleenloper en meng nie met die res nie.	Hy draf soggens alleen en neem aan geen ander sport deel nie.	Bl. 54: *Ek weet hy is fanaties daaroor. Elke oggend vyfuur gaan draf hy.*
	Hy sit alleen by die braai as die seuns die oorwinning vier.	Bl. 192: *Ek breek weg van die party waar ouens in kringe om die vure staan en lag en gesels. Gewaagde grappies vertel. Hardop wens dat hier vanaand 'n spul girls kon wees. Ek kry vir Eckardt waar hy eenkant sit, weg van die lawaai.*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

	Hy bevriend slegs vir Greg.	Bl. 131: *"Greg, was daar ooit meer tussen jou en Eckardt?" ... "En hoekom jy die enigste persoon is wie se nommer op sy selfoon gebêre is?"*
	Tydens die vakansie sit hy eerder saam met Greg en praat oor rekenaars as om te gaan branderplankry.	Bl. 121: *"Ek kan nie so lê nie," sê Eckardt na 'n ruk ... "Kom ons doen iets." ... "Het ek jou al vertel van social engineering?"*
Sy vermoë om te kan verdwyn sonder dat enig-iemand weet waarheen onderskei hom ook van ander leerders.	Greg ontdek maar net die volgende oggend dat Eckardt gedurende die nag verdwyn het.	Bl. 213: *"Ek is deur die waterafvoerpype na die skool se grensdrade. Daar waar jy jou ou hartjie die aand oor my ontferm het ... In die bosse het my motorfiets vir my gewag. Daarmee het ek my getaway gemaak."*
Eckardt is die enigste een wat John se plek in Greg se lewe vul.	Eckardt se oë herinner tydens die Trapperoriën-tasie vir Greg aan John.	Bl. 62: *Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë. Alles presies net soos my broer s'n. Net soos John."*
	Eckardt buit Greg se behoefte aan adrenalien uit.	Bl. 214: "*Ek het geweet jy is iemand wat hou van leef op die edge. Mense wat goed doen soos bungee jump het daardie tipe persoonlikheid."*
Eckardt se fyn manipu-lering van mense onder-skei hom ook van die ander leerders.	Eckardt se vreemde groet-woorde in die oggende nadat hy gaan draf het, fassineer vir Greg.	Bl. 87: *Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos ..."*
	Eckardt is die enigste een wat Greg aanmoedig om teen sy pa in opstand te kom.	Bl. 99: *"Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt. "Jy is byna agtien, my ou. Tyd om op jou eie bene te staan."*
Eckardt is die enigste een wat van die begin af nie Greg se hoofseunskap respekteer nie, maar dit stelselmatig ondermyn.	Hy verlei Greg met bier in sy yskas en Greg rapporteer dit nie.	Bl. 70: *"Kyk sommer in die yskas. Ek dink daar is nog twee biere agter die blikkies koeldrank in die yskas."*
	Hy leer Greg hoe om by die netwerkkamer in te breek.	Bl. 110: *"No problem," sê hy. Hy lig sy hand wysvinger uitgestrek. En toe sleutel hy die kode in. Die hash key druk hy laaste. Die deur klik oop.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Eckardt se verdwyning ✓	1
13.2	Ja Hy was geskok om te hoor dat Eckardt waarskynlik selfmoord/-dood gepleeg het./ Hy ervaar weer die emosies van vroeër na John se dood./ Niemand het die reg om sulke stories op te maak nie./te spot met die dood nie./Die verdwyning is vir Greg 'n ernstige saak. **OF** Nee Hy is die hoofseun wat hier moet leiding neem./kalm bly./'n voorbeeld stel./ 'n Mens tree nie so op teen iemand wat jonger as jy is nie./enigiemand nie./ Geweld gaan nie die probleem oplos nie./verseker dat Eckardt opgespoor word nie. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
13.3.1	Greg is impulsief./het 'n vinnige humeur./bereid om op te staan vir sy vriend./ probeer gesag met dreigemente afdwing./ Hy huiwer nie om sy gevoelens te wys nie. ✓	1
13.3.2	Sy pa koester te hoë verwagtinge van Greg en Greg is onseker of hy aan sy pa se verwagtinge kan voldoen./vrees dat hy nie aan die eise kan voldoen nie./ Greg wil huil oor John se selfmoord/-dood, maar Greg is verbied om te huil./kan nie John se dood verwerk nie./kan dit nie by die huis bespreek nie./ Greg voel skuldig teenoor sy ma (en Nicole), omdat hy hulle verwaarloos, terwyl hy weet hy moet hulle meer ondersteun./ Eckardt veroorsaak innerlike konflik by Greg wanneer hy moet kies om die ongeoorloofde bier te drink/te leer *hack*/'n *White Hat* te wees/die geleentheid hom voordoen om sy wiskundedruippunt te verander, terwyl hy weet dat dit verkeerd is./teen die reëls is./teen sy opvoeding indruis./ Greg voel skuldig oor sy toenemende kuberkrakery, want hy weet dit is verkeerd, maar hy hou vol met sy leuens./die skyn wat hy leef./sy verwaarlosing van skoolaktiwiteite./ Hy voel goed dat hy Dok aan die pen laat ry het/Project Nursery Rhyme ontbloot het, maar hy voel skuldig, omdat hy sy pa in die proses uitlewer. ✓✓✓ *Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
13.4	Ja Later in die verhaal gaan haal hy die sleutel om in Eckardt se kamer te kom./ Dit skep afwagting./Die leser wonder wanneer hy die sleutel wel gaan gebruik./ Die feit dat hy later hierdie kennis misbruik, wys dat hy verander het. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	2

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

13.5.1	Tom gee toegang tot die biblioteek./hulle die geleentheid om by die netwerkkamer in te breek./ Hy werk saam met Eckardt om Greg sosiaal te manipuleer. ✓	1
13.5.2	Hy los 'n briefie op Greg se tas./ Hy help Eckardt om van die terrein te verdwyn./ Tom mislei vir Greg deur hom te laat glo dat hy nie vir Eckardt ken nie./want Greg weet nie dat Tom saam met Eckardt knoei nie. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke* antwoorde vir EEN punt elk aan.	2
13.6	Greg besef dat hy al meer soos sy pa optree./hy is 'n kloon van sy pa./sy toekoms gaan net soos sy pa se hede lyk. ✓	1
13.7	Greg voel nou dat Eckardt 'n goeie vriend is/hy Eckardt nodig het, terwyl Greg aanvanklik vir Eckardt as 'n moeilikheidmaker/hardekwas/iemand wat reggesien moet word, beskou het. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan die ontmoetings omruil sonder om penaliseer te word.*	1
13.8	'n Luukse omgewing/Geld speel 'n baie belangrike rol in albei ruimtes./ Greg word geïndoktrineer/gemanipuleer in albei ruimtes./ In albei ruimtes is daar prestasiedruk./ In albei ruimtes is een of ander vorm van diktatoriale gesag./beheer./ In albei ruimtes daag Greg gesag uit./ In albei ruimtes is 'n onderwêreld./geheime kant. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
13.9.1	Greg se betrokkenheid by kuberkrakery lei tot die verwaarlosing van sy akademie./verontagsaming van sy hoofseunpligte./vervreemding van sy vriende./sy betrokkenheid by misdaad./vasgevangenheid in die onderwêreld veroorsaak dat hy telkens na kuberkrakery terugkeer. ✓ Greg se pa se onwettige bedrywighede veroorsaak die ondergang van Turrett Media./sy betrokkenheid by Project Nursery Rhyme./dat hy tronk toe gaan./lei tot sy betrokkenheid by die regter se verdwyning./vasgevangenheid veroorsaak dat hy bereid is om sy familie/finansies saam met Dok Pienaar te waag. ✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
13.9.2	Ja Greg sien Eckardt as plaasvervanger vir John, terwyl sy pa hom as plaasvervanger vir John sien./ Albei karakters vervang hul werklike name met ander, Greg as G-4ce en Greg se pa as die *Candlestick-maker*. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Indien die kandidaat die skuilname as plaasvervangerskap in die antwoord aanbied, moet die skuilname van elke karakter genoem word.* *Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.*	1
13.10	Die naam toon aan dat Eckardt 'n identiteitskrisis het./Die 0 beteken dat hy niks werd/niksbeduidend/minderwaardig/vals/anoniem in die onderwêreld is./ Ekk-0 is woordspel met die woord eggo – dit dui op sy herhalende aksies soos om elke dag vir Greg wakker te maak./Hy koester sedert sy kindertyd wraakgedagtes (omdat sy vrae oor sy pa se dood nie antwoorde gee nie, maar net eggo's uit die onderwêreld terugbring). ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

13.11.1	Greg suggereer dat hy die mag het./sukses gaan behaal in die onderwêreld./'n krag is om mee rekening te hou./ Dui aan dat hy nie meer net 'n kloon wil wees nie. ✓	1
13.11.2	Die *Candlestick*-maker in Project Nursery Rhyme dui op 'n onskuldige kinderrympie, maar hier is sy pa nie onskuldig nie./skuldig aan moord./ Alhoewel 'n mens van die *Candlestick-maker* sou verwag om die lig op die waarheid te laat skyn, is hy eintlik besig met korrupsie./bedrog./aandadig aan moord. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan*.	1
13.12.1	In TEKS G gee Eckardt se verdwyning/moontlike selfmoord/-dood aanleiding tot Greg se gemoedstoestand. ✓ In TEKS H bepaal Greg se soeke na sy skuilnaam sy gemoedstoestand./is Greg gereed om te begin kuberkraak. ✓ *Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
13.12.2	In TEKS H is hy opgewonde./selfversekerd. ✓	1
		[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**
- Die kode "M" en "C" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: M C

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Johnnie/Map:		
Die Apartheidswetgewing beperk Johnnie se beroeps-keuse./veroorsaak dat hy in 'n figuurlike tronk is wat sy beroepskeuse betref.	Armoede en werkloosheid is een van die vernaamste faktore wat die township-mense kelder – Johnnie wil meer as 'n bode wees./Beroepe word vir wit-mense reserveer, terwyl Johnnie net 'n bode kan word.	Bl. 24: *... daar's 'n job, dis die enigste werk wat hulle vir my wil gee, vir messenger ... Ons het problems gehad met geld ... ek kon nie verder gaan nie, net matriek ... Toe's al die jobs vir wittes ...*
Johnnie se velkleur is vir hom 'n tronk, want dit veroorsaak dat hy nie kwalifiseer vir beter werk nie.	Werkreservering ter wille van wit mense ontneem Johnnie die geleentheid tot enige verbete-ring in sy situasie.	Bl. 31: *Ek het matriek gemaak, standerd tien. Ek wiet Ma het baie gehoop op my. Maar, well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only.*
Die gebrek aan geleenthede in die township veroorsaak dat Johnnie vir hom buite die township 'n beter lewe wil skep.	Johnnie wil 'n goeie werk hê, iets met potensiaal vir die toekoms./iets waarin hy kan vorder./Daar is geen moontlik-heid van verdere studie nie as gevolg van gebrek aan geld.	Bl. 24: *... daar's 'n job, dis die enigste werk wat hulle vir my wil gee, vir messenger ... Ons het problems gehad met geld ... ek kon nie verder gaan nie, net matriek ... Toe's al die jobs vir wittes ...*
Die bendelewe word vir Johnnie 'n nuwe tronk.	In 'n poging om iets en iemand te wees, word Johnnie 'n lid van verskeie bendes – tog maar 'n nuwe tronk, want hy kan nie daaruit ontsnap nie.	Bl. 31: *... toe het ek deur-mekaar geraak moet ... moet die elemente ... maar ek was die leader ... Ek was altyd die leader ... Vark, wittes, vir my 'n job wil gee vir messenger!!?*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

	Johnnie laat hom tatoeëer volgens die bendes se tekens en simbole wat hom Map maak; hy is aan die bendes gebonde.	Bl. 32: *'it was drie gangs. Ek was elkeen se leader, elke keer. Ek was altyd die leader ... Sien die tattoos ...* Bl. 51: *Daai's wat 'n man doen as jy desperate is, in 'n plek soes dié.*
Die gebrek aan geld en identiteit in die township gee aanleiding tot kriminele optrede deur Map se bende; dit eindig in die verkragting van sy ma en sy sussie se dood – iets waarvoor hy letterlik tronk toe gaan.	Na Map se ma en sussie se verkragting steek Map vir Ivan Philander dood waarvoor hy twaalf jaar tronkstraf kry.	Bl. 31: *maar ek sê vir julle ons was daar vir geld, nét vir geld, en ek het net gesê skud hulle ...* Bl. 33: *Toe sê hy vir my "Chief" en hy vra vir my mooi ...* Bl. 34: *Ek swaai hom net van haar af, en ek stiek hom met die mes, en ek stiek hom ...*
Die tronkomstandighede het positiewe gevolge vir Map.	Uit Map se gesprekke met sy ma, terwyl hy in die tronk is, is dit duidelik dat hy baie berou oor sy dade het.	Bl. 9: *Ek is 'n gechangede man, ek ... het die Here Jesus gevind ...* Bl. 9: *Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ... Ek is jammer, maar ma moet my glo ...* Bl. 10: *Ek sweer alles sal nou regkom, Ma ... Hulle moet my net 'n kans gee, daar buitekant ...*
Die tronkomstandighede het negatiewe gevolge vir Map.	Map is sewe jaar in die tronk sonder vryheid wat veroorsaak dat sy verhouding met Blanchie skipbreuk ly.	Bl. 35: *Ek het twaalf jaar gekry.*
Na sewe jaar in die tronk, word Map op parool vry-gelaat; hy keer terug na dieselfde township waar niks verander het nie en hy hom weer in 'n figuurlike tronk bevind.	Die feit dat miss Africa nie vir hom 'n werk kan kry nie, laat hom weer vasgevang voel.	Bl. 46: ... *was in vir moord, en soek 'n job! You must be crazy!*
	Dit blyk moeiliker te wees om 'n werk te kry, want nou het hy ook die stigma van tronkvoël, wat die werksmoontlikhede beperk.	Bl. 45: *En jou rekord, mister Jacobs, was vir ...? O, dit was vir, dit is vir ... vir ... moord! Hulle sê dan vir jou, om maar tyd op te maak, 'cause hulle't kant en klaar ge-decide ...*
Map is steeds nie fisies vry nie/steeds nie in beter omstandighede nie/het nog steeds nie werk/hoop nie, alhoewel hy beter keuses uitoefen.	Hy kies om Blanchie te vergewe/'n toekoms saam met Blanchie, maar dit bevry hom nie uit sy figuurlike tronk nie.	Bl. 60: *Ek is so vuil, Johnnie ... Jy is ... mooi ...* Bl.62: *Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map – hy val half – voor Antie Grootmeisie neer.*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

Cavernelis:		
Die township is ook vir Cavernelis en sy gesin 'n tronk waaruit hulle graag wil ontsnap.	Hy wil fisies vryer word en daarom doen hy twee verskillende soorte werk, naamlik sy werk by die poloniefabriek en verkoop "soft goods", in 'n poging om meer geld te maak sodat hy sy gesin na 'n ander omgewing kan neem.	Bl. 49: *Never mind the matchbox houses, die sementstrippies wat pass vir strate ... Never mind lat jul nie amenities en facilities in die township het nie!* Bl. 21: *Overtime, en Sondae oek. (Dan baie geniepsig.) Mister Cavernelis en Blanchie ... Ja-nee, 'is true – julle is baie hardwerkende mense.*
Cavernelis se vreemde Bolandse taalgebruik asook dat sy vrou dink hulle is beter as die township-mense, isoleer hulle sosiaal sodat die township 'n verdere tronk vir hulle word.	Cavernelis werk baie hard ter wille van geld wat hulle sosiaal isoleer.	Bl. 21: *'Is mos die waarheid. Blanchie werk oek mos overtime, even Sondae oek! Net soos jy, ou dad ...* Bl. 21: *Julle kyk mos neer op onse mense hier, julle wil mos hierso van ons af weg!* *Bl. 11: ... vir 'n plot grond en 'n huis in Grassy Park, of even Belhar.* Bl. 20: *Kan ek help dat ek van die Boland ... van up-country af ... kom?*
Die township as 'n gevaarlike, onveilige milieu/ plek waar diefstal, aanranding en verkragting deur bendes hoogty vier, hou Cavernelis (en sy gesin) in hulle huis vasgevang.	Hulle sluit hulle huis se deure.	Bl. 3: *Dis hoekom ek sê ons moet uit hier ...* Bl. 3: *Blanchie se sake, dit het niks met hulle te make nie! Dis hoekom ek vir jou sê ons moet uit hier!* Bl. 20: *Ons meng met niemand in nie. Ons gaan net ons eie gang, so asseblief, laat staan vir ons ...*
Cavernelis probeer ontsnap van sy tronk deur voor die trein in te ry en plaas sy gesin in 'n nuwe/figuurlike tronk.	Die vernedering wat sy gesin na sy selfdood moet verduur, maak hulle slagoffers van hul nuwe omstandighede.	Bl. 54: *So sê jou daddy ... vir jare al ... As if we can! As if we can! Bloody stupid fools! Jus' look at us now ... hoe humiliate julle vir ons!!!* Bl. 61: *Onder sy arm is Cavernelis se soft goods-suitcase, soos dit platgetrap is deur die trein.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

OF

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Vir die Kersorkeskompetisie (waaraan hulle gaan deelneem) ✓	1
15.2.1	Hy het saxofoon (in die orkes) gespeel. ✓	1
15.2.2	Ja Sy saxofoonspel het daartoe gelei dat die orkes baie pryse gewen het./dat die orkes (twee of drie jaar voor die verkragting) al die bekers gewen het. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
15.3	Nee Hulle behoort te weet dat Map 'n bate vir die orkes is./ Elke mens verdien 'n tweede kans./Map is in die tronk bekeer./ **OF** Ja Hulle wil nie met 'n tronkvoël assosieer nie. Hy is 'n misdadiger wat daartoe lei dat hulle vir hom bang is. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
15.4	Verwikkeling/ontwikkeling ✓ Die gebeure loop op tot by die klimaks./hoogtepunt./Spanning neem toe, want Map word nie tot die orkes toegelaat nie./vermy. ✓	1 1
15.5.1	Map se vrylating vind naby Kersfees plaas./bring vir hom 'n nuwe kans./ geleentheid. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
15.5.2	'n Mens verwag dat Cavernelis tydens die Kerstyd gelukkig sal wees, maar hy sterf./kan Kersfees nie geniet/vier nie. ✓ Kersfees is 'n tyd van vreugde/geluk/familiekuiers, maar vanweë Cavernelis se dood is Kersfees nou vir Blanchie hartseer./eensaam./Daar word verwag dat hierdie Kersfees vreugde vir Blanchie sal inhou, maar sy verloor haar pa./werk./kry nie die modelkontrak nie. ✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.*	1 1
15.6	In die tronk ✓	1
15.7.1	Hulle albei praat net./doen niks nie. ✓	1
15.7.2	Cyril treiter Cavernelis sodat hy sy fiets wil neersmyt./sodat Cavernelis hom soebat om hom (en sy gesin) uit te los./ Cyril skree goed vir Maud wat haar laat terugskree./swets./skel./ Cyril moveer vir Blanchie/noem haar name wat konflik met die Cavernelisse veroorsaak./ Cyril tart vir Tommy oor Map wat uit die tronk vrygelaat word./Blanchie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

15.8	Hy suggereer dat hulle simpatie vals is./nie sy situasie verstaan nie./steeds nie vir hom werk gee nie./hom nie werklik vergewe nie. ✓	1
15.9	Ja Apostel George help Map om tot bekering te kom./Map se bekering lei tot vergifnis./'n nuwe lewe sodat Map die bendelewe agterlaat./om uiteindelik uit te praat wat dan die verhouding met sy ma herstel. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
15.10	Ja Hy is nou 'n bekeerde wat sy emosies beteuel./nie kwaad word nie. Hy word nie kwaad as hy hoor van Blanchie se aborsie nie./ Hy soek nie vergelding na sy tronkstraf soos almal verwag het nie./ Hy vergewe vir Blanchie./ Hy vergewe vir Cavernelis./ Hy pleit by sy ma om vergifnis. **OF** Nee Hy is hier kalm, terwyl hy in die verlede deel van bendegeweld/moord was./ Die hele township was bang vir wat hy sou doen wanneer hy vrygelaat word. ✓ Hy steek vir Ivan Philander dood./ Hy gee toestemming dat mense verkrag/beroof kan word. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 2
15.11.1	Hy wil *belong*./aanvaar word deur die bendes. ✓ Hy is op soek na 'n identiteit./Sy tatoeëermerke verwys na sy *history* van wat hy as bendelid/-leier gedoen het. ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
15.11.2	Map kan nie daarvan ontsnap nie./ Dit herinner Map/mense aan sy verlede./tronk./bendebedrywighede./ Dit beperk sy toekoms./sy sukses in die toekoms./ Dit veroorsaak dat mense hom nie 'n kans wil gee nie. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
15.12.1	In TEKS I heers 'n stemming van opgewondenheid./afwagting. ✓ Die stemming in TEKS J is mistroostig./sinies. ✓	1 1
15.12.2	Map word nie deur die orkes aanvaar nie./kry steeds nie werk nie./ Die gemeenskap is bang vir Map./ Map se verhouding met Blanchie/sy ma is nog nie herstel nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
		[25]

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

***MIS* – Reza de Wet**

VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**
- Die kode "M" of "Me" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: M Me

ARGUMENT	MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Miem tref voorsorg deur die deure op die aand van onheil te sluit.	Die onheil/gevaar van die afgelope twee jaar toe twee meisies verdwyn het, veroorsaak dat hulle nie die huis kan verlaat nie.	Bl. 5*: MIEM: Die gevaar is oral ... Daar is mense wat sê dat dit iets ... bonatuurliks is.*
	Miem en Meisie is die aand vasgevang in die huis as gevolg van die onheil.	Bl. 7: *MIEM: (onheilspellend) Iets ... onheiligs. Iets wat ronddwaal ... op soek na bevrediging ... van onaardse drange.*
Miem en Meisie se sosiaal-maatskaplike omstandig-hede plaas hulle agter figuurlike slotte en grendels.	Na die Groot Depressie lewe hulle in uiterste armoede./moet hulle mis verkoop om aan die lewe te bly.	Bl. 27: *MEISIE: Eers was ons baie ryk. 'n Hoed en 'n rok vir elke dag. En nou ... Ma sê die mense bejammer ons. (Byna verde-digend) Elke jaar koop my ma vir my 'n nuwe rok. (Treurig) Maar net een op 'n slag.*
Hulle word ook sosiaal ingeperk.	As gevolg van die misreuk kry hulle geen besoekers nie.	Bl. 26: *KONSTABEL: Werklik Juffrou? Kry u nie besoekers nie?* *MEISIE: Ek dink dis oor die mis.*
	As gevolg van Gabriël wat hom na die solder onttrek het, is hulle alleen verantwoordelik vir hulle welsyn en kan hulle nie die huis verlaat nie.	Bl. 22: *GERTIE*: *(Na die kort stilte) Ja, die arme vrou het baie om te verduur. (Sagter) Sy praat nooit daarvan nie, ... En dan (wys na die plafon) is daar nog hy.*
Miem en Meisie bevind hulle fisies agter slotte en gren-dels deurdat hulle op 'n afgesonderde plek/plot/ver van die dorp af woon.	Sy noem aan Konstabel dat die deur as voorsorgmaatreël gesluit is.	Bl. 15: *MIEM: Verskoon my tog, Konstabel, maar vannag moet 'n mens versigtig wees. (Loer deur die sleutelgat)*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

	Meisie erken dat sy nie baie uitkom nie.	Bl. 27: *KONSTABEL: Maar kom u dan nie uit nie, Juffrou? Die dorp is tog nie ver nie.* *MEISIE: My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.*
	Miem hoor by Gertie die nuus van die ouderlinge wat bid/die polisie wat patrolleer – sy kom dus ook nie self uit nie.	*Bl. 7: MIEM: (gerusstellend) Maar toe maar, my kind. Die dominee en al die ouderlinge bid die hele nag.* *Bl. 13: GERTIE: En op pad het ek hulle gesien. Polisiemanne met groot honde aan kettings.* *MIEM: Watter blye tyding!*
Miem se gesondheid beperk haar en vir Meisie.	Miem se siektetoestand veroorsaak dat sy nie baie beweeglik is nie./afhanklik van Meisie is om haar te help.	Bl. 22: *GERTIE*: *(Na die kort stilte) Ja, die arme vrou het baie om te verduur. (Sagter) Sy praat nooit daarvan nie, maar sy is glad nie gesond nie. Suikersiekte en water op die knieë.*
	Miem gebruik haar swak gesondheid om Meisie emosioneel af te pers./te manipuleer./tot gehoorsaamheid te dwing.	*Bl. 7: MIEM: Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was ... Dit het my 'n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger!* *Bl. 30: MEISIE: ... my ma het siek geword ... van die ontsteltenis. Vir 'n week kon sy net gortsop eet. Dis die musiek. Ek moenie daarna luister nie.*
Miem se lewensuitkyk veroorsaak dat hulle agter figuurlike slotte en grendels vasgevang is.	Miem se konserwatiewe uitkyk veroorsaak dat sy Meisie nie toelaat om alleen iewers heen te gaan nie.	Bl. 27: *MEISIE: My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.* *Bl. 41: MIEM: As ek dink aan die jong meisies wat ná die sirkus alleen huis toe loop ...*
	Miem se Calvinistiese uitkyk is daarvoor verantwoordelik dat die sirkus/-liggies/-musiek vir Meisie taboe/boos is.	Bl. 7: *MIEM: (staan op. Kwaai) Liggies! Jy weet ek het jou verbied.*

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

	Sy is veroordelend en beter-weterig en verlekker haar selfs in ander se moontlike leed.	Bl. 8: *MIEM: Hulle wil mos nie glo nie. Dit sou hulle verdiende loon wees as een van hulle dogters vannag die slagoffer is.* Bl. 11: *MIEM: Al die arme sotte wat nie die gevaar besef nie.* *Bl. 11: MIEM: Maar ek was my hande in onskuld. Ons het gewaarsku en gewaarsku maar hulle wou nie hoor nie!*
Miem is van mening dat dit van haar as ouer verwag word om Meisie teen boosheid te beskerm – daarom het Meisie geen vryheid nie.	Miem is voorskriftelik oor hoe Meisie moet optree./wat sy mag dink.	*Bl. 24: MIEM: (nadenkend) Werklik? (Sien vir MEISIE by die venster) Kom weg daar by die venster!* *Bl. 28: MEISIE: Ek kyk na die groot tent en al die liggies! .... Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen ...*
	Miem smeer Meisie aan Konstabel af, terwyl Meisie nie 'n sê daarin het nie.	*Bl. 25: MIEM: Soos ek gesê het, Meisie doen alles in die huis. Na die Depressie kan ons nie huishulp bekostig nie. Sy maak die beddens op, vee die vloere, doen die skottelgoed, was en stryk ...* *Bl. 25: MIEM: Meisie sal jou geselskap hou, Konstabel. Sy is 'n bietjie ingetoë maar as jy haar aanmoedig, kruip sy uit haar dop. Kom, Gertie.* *Bl. 38: MIEM en GERTIE hou die KONSTABEL en MEISIE roerloos dop. MEISIE kniel stadig. Die KONSTABEL steek sy hand uit en streel oor haar hare. MEISIE maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor* *MIEM: (trots) Sy is mooi, nè?*
Miem meen sy is korrek deur Meisie as jonk/onskuldig te beskou wat nie (skadelike) dinge moet hoor nie.	Meisie is sosiaal geïsoleer wat veroorsaak dat sy geen lewenservaring/mensekennis het nie – wat haar verder inperk./Meisie erken aan Konstabel dat sy nie uitkom/ besoekers ontvang nie.	Bl. 19: *MIEM: (agter haar hand) Konstabel, sy is nog so jonk en onskuldig. Ek wil nie hê sy moet die dinge hoor nie.* Bl. 26: *MEISIE: Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie.* Bl. 27: *KONSTABEL: Maar kom u dan nie uit nie, Juffrou? Die dorp is tog nie ver nie.* *MEISIE: My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
17.1	Gertie ry daardie tyd van die nag./gaan die aand by Miem deurbring./hamer aan die deur. ✓	1
17.2.1	Miem is konserwatief./nougeset./eng./bevooroordeeld (oor die sirkus)./glo alle invloede van buite is boos./veroordelend. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
17.2.2	Ja Deurdat Gertie haarself regverdig/verskonings aanbied waarom sy na die sirkusfratse/sirkusoptog kyk, skep sy die indruk dat sy ook dink die sirkus is boos. Meisie sê herhaaldelik sy mag nie na die sirkus toe gaan nie./na die sirkusliggies kyk nie./na die sirkusmusiek luister nie./om te dink is om te doen. Konstabel skep die indruk dat hy saam met Miem stem dat die aaklige musiek hom ook hinder, want hy lewer geen kommentaar nie. **OF** Nee Gertie gaan kyk steeds vir die sirkusfratse/-optog. ✓ Meisie gaan tog een aand sirkus toe./loer gedurig na die sirkusliggies./luister na die musiek as die geleentheid hom voordoen. ✓ Konstabel erken nooit teenoor Miem dat hy nie van die sirkus hou nie./erken teenoor Meisie dat hy ook van die musiek hou./die liggies wou sien. ✓ *Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat bied DRIE antwoorde onafhanklik van mekaar aan.*	3
17.3	Miem impliseer dat die sirkus/-musiek vals/boos/misleidend is./mense verkeerdelik beïndruk./verlei. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat se antwoord moet op die negatiewe dui.*	1
17.4.1	Ja Dit pas by Gertie as 'n LO-/Liggaamsopvoedingonderwyseres./Sy wil jonk/ energiek voorkom. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
17.4.2	Toe Konstabel haar verlei om soos tant Hannie te dans. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
17.5.1	31 Augustus 1936 ✓	1

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

17.5.2	Lente is 'n tyd van ontwaking net soos Meisie wat tot 'n bevryde groei./ ontwikkel./'n nuwe lewe begin./'n eie identiteit ontwikkel./ Meisie kan dink dat 'n lente van ontwaking/bevryding/nuwe lewe voorlê, maar die lente kan ironies haar ondergang wees. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
17.6	Hy spreek haar as "Juffrou" aan./ Hy noem haar op haar naam./Margareta Johanna./ Hy sê dat sy 'n mooi naam het./ Hy sê vir haar dat hy ook van die sirkus hou./ Hy sê hy is 'n vreemdeling./ Hy sê hy is blind./ Hy verseker haar dat niemand ooit sal weet nie. ✓✓✓ *Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
17.7.1	Albei word bevry./is vol vreugde./dans./smeek aanvanklik. ✓	1
17.7.2	Die meisie soebat en smeek, maar Meisie gaan vrywillig./ Die meisie het nie die man se bevele vrywillig gevolg nie, terwyl Meisie vir Konstabel uit vrye wil volg./ Die meisie gaan by herhaling uit die kis bevry word, maar Meisie se bevryding is 'n eenmalige geleentheid./ Die meisie in die sirkus is besig met oëverblindery, maar vir Meisie is die bevryding 'n realiteit./ Die meisie is weer heel as sy bevry word, maar Meisie het geen waarborg vir 'n beter lewe as sy saam met Konstabel verdwyn nie. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat moet beide kante van die kontras vir EEN punt aanbied.*	2
17.8.1	Meisie is (tydelik) bevry deur haar besoek aan die sirkus./deur met Konstabel oor haar besoek aan die sirkus te praat./ Dit weerspieël Meisie se begeerte om van haar knellende bestaan bevry te word. ✓	1
17.8.2	Gertie vind bevryding deur haar sensuele danse uit te voer./te dans soos tant Hannie./ Gertie kry bevryding deur sirkus toe te gaan./na die sirkusfratse te kyk./ Gertie kyk na die sirkusoptog. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
17.9	Miem kan vir 'n week net gortsop eet./is vir 'n week siek. ✓ Miem pers Meisie emosioneel af./herinner haar (gedurig) daaraan hoe siek haar ongehoorsaamheid haar maak. ✓	1 1

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

17.10	Ja Dit is deel van die verwikkeling/ontwikkeling./ Daar word agtergrond oor Meisie se omstandighede/gevoel van opstandigheid teen haar ma gegee./ Dit skep spanning/afwagting by die leser/gehoor wat nie weet wat die gevolge daarvan gaan wees nie./ Dit gee inligting van Meisie se ongehoorsaamheid./Miem se siekte. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
17.11	Miem vertel hom hoe sy 'n man/haar man mis. ✓	1
17.12	In TEKS K heers daar 'n onheilspellende stemming. ✓ In TEKS L heers 'n opgewekte/vreugdevolle stemming. ✓	1 1
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	5–6	4	3	2	0–1
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 6 PUNTE	Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en gedig	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en gedig duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp. -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en gedig	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp -Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie -Onvoldoende begrip van genre en gedig	-Geen begrip van die onderwerp nie -Geen verwysing na die gedig nie -Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL	4	3	2	1	0–1
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 4 PUNTE	-Samehangende struktuur -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek -Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry	-Duidelike struktuur en logiese vloei van argument -Vloei van argumente kan gevolg word -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel -Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie	-Struktuur swak -Ernstige taalfoute -Foutiewe styl

Need an amazing tutor? www.teachme2.com/matric

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	12–15	9–11	6–8	4–5	0–3
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	-Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13 -Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en teks	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en teks duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en teks	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie -Min punte wat die onderwerp ondersteun -Baie min relevante argumente -Weinig begrip van genre en teks	-Geen begrip van die onderwerp nie -Swak poging om die vraag te beantwoord -Argumente oortuig nie -Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	-Samehangende struktuur -Uitstekende inleiding en slot -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	-Duidelike struktuur -Logiese vloei van argument -Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -Logika en samehang is duidelik, maar met foute -Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas -Paragrafering meestal korrek	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie -Paragrafering foutief	-Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente -Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk -Styl en toon nie geskik nie -Paragrafering foutief

Kopiereg voorbehou